

7 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 5:1-11

Fokusgedeelte: Matteus 5:9

Dié wat vrede het, máák vrede!

Ons wêreld het 'n dringende behoefte aan vrede! Beroepsvredemakers deurkruis die wêreld, hou vredeskonferensies, sit dae en nagte lank in die vergadersale van groot moondhede en onderhandel ... om vrede. En tog blyk dit dat vrede steeds uitbly ... Waar sou ons egte vredemakers kry?

Jesus sê in sy bergpreek: *"Geseënd is die vredemakers ..."* Hiermee is Hy besig om die burgers van sy koninkryk te beskryf. Gelowiges, ek en jy, is dus die vredemakers! Hoe sal óns dit regkry? Nee, Jesus het nie hier in gedagte 'n saggearde, vredeliewende mens wat maklik met almal oor die weg kom nie; ook nie iemand wat alles (stilswyend) aanvaar of goedkeur ter wille van die "liewe vrede" nie. Hierdie vredemakers is ook nie mense wat iets nuuts van die grond af moet probeer opbou met eie krag en vernuf nie. Beslis nie 'n onrealistiese droom nie!

Vrede begin by God, wat met die mens deur Jesus Christus kom vrede maak het! En nee, Hy sien nie die sonde – die oorsaak van alle onvrede, stryd en twis – oor nie. Hy kom maak vrede met ons, sy "vyande", deur vir ons sonde te betaal en dit uit die weg te ruim. Hieroor juig Paulus: *"God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God ..."* (Rom. 5:1). 'n Toestand van heelheid en harmonie, volkome geluk; en waarbinne ons sy krag en goedheid en troos en liefde beleef! Vredemakers is mense wat, vanuit hulle vrede *met* God, die vrede *van* God die lewe indra! Sonder hierdie diepte-dimensie sal ons vredespogings nie slaag nie.

Is jy 'n vredemaker ... wat bereid is om die "ander wang te draai, jou vyande lief te hê, vir jou vervolgers te bid ..." (Matt. 5:38-48)? Dan sal jy baie meer as die Nobel-prys vir vrede ontvang. Jy sal "kind van God" genoem word.

Sing: Skrifberyming 11-3:1, 7

Ds. HC van Rooy (Randburg)